

**Ons sluit vandag af met ons reeks oor die Disipels van Jesus**

**Ons gaan vandag na die lewe van die Apostel Paulus kyk. Spesifiek na 5 baie belangrikke fasette van Paulus se lewe...**

**Voor ons begin, wil ek vir elkeen van julle 'n ernstige vraag vra...**

**Antwoord eerlik vir jouself...**

# GAAN JY HEMEL TOE?



**Dalk was jou antwoord:**

**“Nee…”**

**“Ek dink so…”**

**”Ek hoop so…”**

**“Ek weet nie…”**

**“Dit hang af…”**

**“JA!!”**

**“Ek wil nie te veel van myself dink nie, maar ja, ek gaan…”**


**Ons gaan terug kom na die vraag toe…**

**Kom ons kyk na Paulus…**

**WIE WAS PAULUS?**

**Handelinge 22:3-5**

**3Hy gaan toe voort: “Ek is 'n Jood wat in Tarsus in Silisië
gebore is, maar ek het hier in Jerusalem grootgeword. As
leerling van Gamaliël is ek volgens die streng opvatting
van die wet van die voorvaders opgevoed, en ek was net
so 'n kampvegter vir God soos julle almal vandag is. 4Ek
wou die mense wat die leer van Christus volg, totaal
uitroei. Mans sowel as vrouens het ek gevange geneem
en in tronke laat stop. 5Dit kan die hoëpriester en die
hele Joodse Raad bevestig. Van hulle het ek selfs
bekendstellingsbriewe aan die Joodse broers in
Damaskus gekry om ook daar hierdie mense in hegtenis
te gaan neem en Jerusalem toe te bring om gestraf te
word.**



# Wat staan vir jou uit van wie Paulus was voor hy vir Jesus ontmoet het ?

# 1. Van Vyand tot Getuie

## Handelinge 22:6-16

6“Terwyl ek op reis was en naby Damaskus gekom het, het daar
teen die middag skielik 'n sterk lig uit die hemel op my
gestraal. 7Ek het op die grond neergeval en 'n stem vir my hoor
sê: ‘Saul, Saul, waarom vervolg jy My?’ 8‘Wie is U, Here?’ het ek
gevra. ‘Ek is Jesus van Nasaret,’ het Hy my geantwoord. ‘Dit is vir
My wat jy vervolg.’

9“Die mense wat saam met my was, het wel die lig gesien, maar
nie die stem verstaan van Hom wat met my gepraat het
nie. 10Toe vra ek: ‘Wat moet ek doen, Here?’ Die Here sê toe vir
my: ‘Staan op en gaan na Damaskus toe. Dáár sal alles vir jou
gesê word wat God bepaal het dat jy moet doen.’

11“Die skerp lig het my blind gemaak, en my reisgenote
moes my aan die hand lei. So het ek in Damaskus
aangekom. 12'n Sekere Ananias, 'n man wat getrou
volgens die wet van Moses gelewe het en by al die Jode
in die stad hoog aangeskrewe was, 13het na my toe
gekom. Hy het by my kom staan en gesê: ‘Saul, broer, jy
kan weer sien!’ En dadelik kon ek hom sien. 14Toe sê hy:
‘Die God van ons voorvaders het jou uitgekies om sy wil
te ken, die Regverdige te sien en sy stem te hoor, 15want
jy sal vir alle mense sy getuie wees van wat jy gesien en
gehoor het. 16En nou, waarom nog wag? Kom, laat jou
doop en jou sondes afwas nadat jy sy Naam aangeroep
het.’



## Bespreek Paulus se roepings teks...

**Wat staan vir jou uit?**

**Dink ook aan hoe Paulus se karakter verander het nadat Jesus Homself aan Paulus geopenbaar het as die Messias.**

**Dink jy Paulus het hierdie ontmoeting met Jesus ernstig opgeneem?**

**Of dink jy Paulus het terug gekeer na wie hy was voor hy vir Jesus gesien het?**

# 2. Lewe uit Genade, nie uit werke nie

## Filippense 3:3-9

3Ons het die ware besnydenis, óns wat God deur sy Gees
dien, óns wat ons op Christus Jesus beroem en nie op
uiterlike dinge vertrou nie. 4Tog sou ek ook op uiterlike
dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike
dinge kan vertrou, ek nog meer: 5ek is op die agste dag
besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n
egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, 6in my
ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die
wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik.

7Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as
waardeloos ter wille van Christus, 8ja, nog meer: ek
beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my
Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom
het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik
sodat ek Christus as enigste bate kan verkry 9en een met
Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet
onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die
vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo.

## Galasiërs 2:19-21

19Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet
dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met
Christus gekruisig, 20en nou is dit nie meer ek wat lewe
nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou
nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God
wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te
lê. 21Ek verwerp nie die genade van God nie. As 'n mens
vrygespreek kon word op grond daarvan dat hy die wet
onderhou, sou dit immers beteken dat Christus verniet
gesterwe het.

## Bespreek hierdie 2 teksgedeeltes…

**Wat staan vir jou uit?**

**Hoe kan jy wat Paulus hier skryf in jou eie lewe toepas?**

**Is jy dalk besig om lysis van prestasies na te jaag?**

# 3. Hy Struikel, al lewe hy totaal vir Jesus

## Romeine 7:14-25

14Ons weet tog die wet is geestelik, maar ek is aards en soos 'n
slaaf aan die sonde verkoop. 15Ek begryp self nie wat ek doen
nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis
dit doen ek. 16Dat ek nie wil doen wat ek doen nie, beteken dat
ek toegee dat die wet goed is.

17Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde
wat in my woon. 18Ek weet immers dat die goeie nie in my woon
nie, nie in my sondige aard nie. Daar is by my wel die wil om die
goeie te doen, maar ek doen dit nie. 19Die goeie wat ek wil
doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit
doen ek. 20En as ek nou doen wat ek nie wil doen nie, dan is dit
nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon.

21So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen,
maar al wat ek doen, is die slegte. 22Diep in my wese vind ek
vreugde in die wet van God, 23maar ek vind in my doen en late
'n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit
maak my 'n gevangene van die wet van die sonde wat in my
doen en late aan die werk is.

24Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan
verlos? 25Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus
ons Here.

So is dit dus met my gesteld: met my gees dien ek die wet van
God, maar in my doen en late die wet van die sonde.

# Bespreek die teks gedeelte van Romeine 7…

**Wat hoor jy hier?**

**Is jy dalk in dieselfde boodjie?**

**Besef jy dalk dat wat jy nie wil doen nie, dit doen jy, en dit wat jy wil doen, dit doen jy nie?**

**Lees weer Romeine 7:24-25**

**Verstaan jy wat Paulus hier sê?**

**Wat beteken dit vir jou?**

# 4. Die doring in sy vlees...

## 2 Korintiërs 12:6-10

6Al sou ek wil roem, sal ek tog nie dwaas wees nie, omdat ek die
waarheid sal praat. Maar ek weerhou my daarvan omdat ek nie wil
hê dat iemand aan my meer moet toeskryf as wat hy my sien doen
of my hoor sê nie, 7selfs nie vanweë die verhewenheid van die
openbarings nie. Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is
daar vir my 'n doring in die vlees gegee, 'n boodskapper van Satan
om my met vuiste te slaan. 8Drie maal het ek die Here gebid dat dit
van my af weggeneem moet word. 9Sy antwoord was: “My genade is
vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak
is.” Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die
krag van Christus my beskutting kan wees. 10Daarom is ek bly oor
swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter
wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.

# Bespreek hierdie teksgedeelte…

## Wat staan vir jou uit?

## Watter deel van hierdie teksgedeelte dink jy is die belangrikste?


## Wat is Paulus se houding teenoor die doring in sy vlees?

## Wat is Paulus se houding teenoor die doring nadat die Here hom geantwoord het?

## 5. Geloof tot die einde

### 2 Timoteus 4:7-8

**7Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die
wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit
volgehou. 8Nou wag die oorwinnaarskroon vir my,
die lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal
die Here, die regverdige Regter, dit vir my gee, en
nie net vir my nie, maar ook vir almal wat met
verlange uitsien na sy koms.**



Paulus was getrou in sy diens aan God tot op die einde van sy lewe.

Hy skryf hierdie brief uit 'n Romeinse tronk en hy weet dat sy tyd gekom het om te sterf. 2 Timoteus is dan sy laaste brief wat hy skryf.

# GAAN JY HEMEL TOE?

**Dink weer aan jou antwoord aan die begin van hierdie les.**

**Het Paulus se skrywe en sy lewenswandel dalk jou antwoord verander?**


Gaan jy hemel toe?
JA
Hoekom?
WANT JESUS


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS